**Donderdag 20 Oktober**

**Skrifgedeelte: Handelinge 8:14-25**
**Fokusgedeelte: Handelinge 8:21**

## God se gawes is nie te koop nie

Deurgaans vind die leser in Handelinge dat die verkondiging van Jesus teenstand van bose magte oproep. By ’n stad in Samaria gebeur dit dat ’n man met die naam Simon met sy toorkunste en magiese krag van formules die inwoners verstom (vs 9, 11) met kul jou hier, kul jou daar. Hulle het gesê: *“Hy is die Groot Krag wat ons God noem.”* Van homself dink Simon dat hy *iets en iemand besonders* is – die beliggaming van óf ’n Goddelike wese óf van God Self met “bonatuurlike” kragte.

Simon se bekering is maar halfhartig (vs 18-24). Hy word deur die begeerte gedryf om self groot te wees en hy is bereid om vir God se gawe(s) te betaal. Petrus reageer besonder skerp met die verwensing dat Simon *na die verderf* moet gaan. *In hierdie werk is daar vir jou geen plek nie, want jou gesindheid teenoor God is nie reg nie. Bekeer jou van hierdie dwaling en bid tot die Here: miskien sal Hy jou hierdie gesindheid van jou hart vergewe* (vs 21-22).

Simon se oordeelsfout is dat hy vir God se *gawe* wil betaal en nie glo dat God dit verniet gee nie. Hy dink magies en begeer krag vir homself – dit gaan om sy eie grootheid. Hy is *afgunstig* op ander en is in die *sonde* vasgevang. Simon klink vroom, maar toon nie tekens van bekering nie. Dit gaan net om sy eie belang. Sy totale *gesindheid* teenoor God is dus verkeerd.

’n Mens kan eers God se vrye gawes ontvang as jy jou eie grootheid prysgee en ’n nuwe lewe in Christus leef.

*Sing: Psalm 40:4, 8 (1936)*

*Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)*